**Skriflesing:** Psalm 33
**Tema:** Die Here sorg.

Van 1820 af het Shaka die Zoeloes as 'n groot oorlogvolk gevestig. Bekend as die "Swart Napoleon", het hy 'n vernietigende oorlog van stapel gestuur – veral tussen 1820 en 1824. Dit het tot die uitwissing van honderde stamme gelei en groot dele van die land onbewoond gelaat.
Shaka word beskryf as groot, aantreklik en 'n militêre genie. Hy het nuwe geveg-sisteme ingestel en ‘n nuwe aanvalswapen, die assegaai, ingebring. Hy het sy manne afgerig om in die vorm van ‘n bees se horings te veg. Die mees ervare impi's was op die voorpunt om te "deurboor" en die jonger impi's was agter hulle om die vyand te omsingel. Die Zoeloes het elke liewe stam wat hul teengekom het, oorweldig en uitgewis.

Op 22 September 1828 is Shaka, die Zoeloekoning en grondlegger van die Zoeloes, in sy slaap deur sy halfbroers, prins Dingaan en prins Mhlangana doodgesteek. Kort daarná het Dingaan gesorg dat Mhlangana ook vermoor word. Hy was ongeveer 30 jaar oud toe hy koning geword het. Hy was bekend vir sy wreedhede, martelings en teregstellings. Sendelinge het Piet Retief gewaarsku toe hy na Dingaan is om te onderhandel vir die Voortrekkers se verblyf in die ontvolkte gebied tussen die Tugela- en Boesmansrivier (hedendaagse Natal). Retief was egter vol selfvertroue en het alle waarskuwings verontagsaam.

Hy kom op Saterdag 3 Februarie met ongeveer 100 volgelinge by Dingaan aan. Op Dinsdag word hy en sy manskappe koelbloedig vermoor.

Op die noodlottige Dinsdag, 6 Februarie, het Dingaan 'n reusemag in die rigting stuur van waar die trekkers gekom het. In die vroeë oggendure van 17 Februarie het tienduisend Zoeloekrygers die slapende Voortrekkers tussen die Boesmans- en Blaauwkrantzrivier aangeval. Die Trekkers is deur hul blaffende honde wakker gemaak. Die Zoeloekrygers het die mans, vrouens en kinders uitgemoor.

Sarel Cilliers en Gerrit Maritz het stormaanvalle geloots om van die voortvlugtiges te red. ‘n Teenaanval van Piet Uys en Andries Potgieter is in ‘n lokval gelei.

Die koms van Andries Pretorius het nuwe hoop gebring. Hy het met 60 Transvaalse vrywilligers vir die Wenkommando, wat hy op die been wou bring, aangekom.

Pretorius het met 464 mans en 64 waens teen die Zoeloes opgetrek.

Sarel Cilliers op Sondag 9 Desember op 'n kanonwa geklim vir die oggend erediens.

Hy het 'n plegtige gelofte voorgestel. Die gelofte is elke aand van 9-15 Desember tydens aandgodsdiens herhaal.

Van hier af sien ons duidelik dit wat ons in Ps 33:18 lees: “Dit is die Here wat sorg vir dié wat Hom eer, vir dié wat op sy mag vertrou.”

Die Here sorg altyd vir ons. Hy het nie vir ‘n oomblik ingedut of sy rug gedraai toe die Zoeloes boere gesinne tereggestel het nie. Ons verstaan net doodgewoon nie hierdie goed nie. Sy sorg word ook nie deur ‘n gelofte geaktiveer nie. Hy wil sorg, dit is wie Hy is.
Sy sorg word op ‘n besondere manier op Geloftedag sigbaar. Tot op hierdie stadium is die Zoeloe Impi’s nog nooit in enige geveg verslaan nie.

Daar was ‘n oormag van 15-20 000 Zoeloe krygers teenoor die 464 voortrekkers in die laer – dit is die Here wat sorg vir die wat Hom eer.

Pretorius het die perfekte plek gevind om die laer op te slaan toe verspreiders rapporteer dat ‘n groot Zoeloemag oppad is - in ‘n hoek tussen die Ncome rivier en ‘n diep sloot of donga. Die Ncome-rivier het na goeie reën in 'n bruisende versperring verander het. Hierdie natuurlike hindernisse het'n groot struikelblok vir die Zoeloe-krygers geword. Vir die Voortrekkers was dit 'n duidelike teken dat God sorg.

64 waens is stewig aanmekaar vasgewoel met net 2 openinge vir die kanonne. Kerse is uitgesit en lanterns is oral opgehang om te verhoed dat die Zoeloes die laer ongesiens in die nag kon bereik. Terwyl Sarel Cilliers die kommando die laaste keer in die herhaling van die gelofte en sing van Psalms voorgegaan het, het die Zoeloes opgedaag. Die Impi's kon net die spookagtig verligte laer sien en die vreemde sang hoor.

Dit was 'n spanningsvolle, donkermaan nag. Twee uur voor sonop was die Trekkers reeds op hulle poste. In die klam nag het digte mis oor die laer gehang. Dit het die laer byna onsigbaar en spookagtig vir die bygelowige Zoeloes gemaak. Die 900 osse en 500 perde in die laer was “onverklaarbaar” stil.
Die vog kon ‘n probleem vir die gewere en kanonne se buskruit veroorsaak. Anders as gewoonlik, klaar die mis voordag al op. Sondag 16 Desember is ‘n helder sonnige dag. Dit is die Here wat sorg vir die wat Hom eer.

Die laaste wonderteken van die Here se sorg was dat, ten spyte van die feit dat die Zoeloe-krygers bykans 48 000 assegaaie na die laer gegooi het, nie een Voortrekker dood of selfs ernstig gewond is nie.

Dit is ‘n baie kort voëlvlug oor die Here se sorg, spesifiek by Bloedrivier. Wat beteken Psalm 33 en hierdie gebeure van jou en my?

Ons het vandag steeds dieselfde God wat vir ons in liefde sorg.

Indien jy hier is om ‘n handjievol Voortrekkers se vernuf in hulle oorwinning oor ‘n massa Zoeloes te vier, is jy om verkeerde rede hier. Dit gaan vandag oor baie meer as ‘n historiese oorwinning.
Geloftedag is nie ‘n viering van wie ons of ons voorgeslagte is nie. Dit is ‘n viering van wie ons God is. Hy is die Almagtige wat in beheer is. Hy is die God wat sorg vir die wat Hom eer. Geloftedag of versoeningsdag is nie die beste benaming vir hierdie dag nie.

In 1 Samuel 17 lees ons die verhaal van Dawid en Goliat. Dawid plaas sy vertroue in die Here. Hy kondig die Here se oorwinnig oor Goliat en die Filistyne aan en sê in 1 Samuel 17:47: “Dan sal hierdie hele skare besef dat die Here nie deur swaard of spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die Here behoort en dat Hy julle in ons mag oorgee.”
Dalk moes ons vandag eerder: “‘n Dankdag tot eer van God wat sorg”, genoem het. Hy sorg in wen en verloor.

Juis daarom kan ons hierdie dag en elke dag sonder vrees of hoogmoed vier.
Ons is sonder vrees, al word ons bestaan van alle kante af bedreig, want ons vertrou in die Here. Ons lewens is in sy hande.
En ons is nederig, want sonder God is ons, ons leër en krag en ons perde en strydwaens niks nie. Saam met die Salomo bely ons in die woorde van Psalm 127:1: “As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs.”

As ons wil roem, roem ons in die Here. Dit is Hy wat sorg, in voor- en teëspoed en in vreugde en hartseer.

Wanneer ons hier uitstap wys ons nie na onsself asof die boerevolk ‘n oorwinning behaal het nie. Ons hande en lewens wys na God. Ons gee aan Hom die eer vir die oorwinning.

En ons buig in totale geloofsafhanklikheid voor hom. Ons vertrou op Hom, ook vir ons toekoms. Hy wat in die verlede gesorg het, sal in die toekoms vir ons sorg.

Ons sluit af met ‘n Geloofsverklaring uit Psalm 20:8-9 en ‘n Geloofsbelydenis uit Psalm 33:20-22: -
“Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde,
maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God.
Húlle sal struikel en val, maar óns sal regop en vas bly staan.
Ons vertrou op die Here: Hy is ons hulp en ons beskermer.
Ja, in Hom is ons hart bly, op sy heilige Naam vertrou ons.
Hou u liefde oor ons, Here, want ons stel ons vertroue in U. Amen